# DIE VAANDEL

AMPTELIKE NUUSBRIEF VAN DIE MENLOBOND

EXCELSA PETAMUS

MENLOBOND

ALUMNI & VRIENDE VAN MENLO

JAARGANG 5 | **2026** | Nr. **1**

## DIE LEISELS WORD OORHANDIG



Na 'n termyn van ses jaar groet die Menlobond hul eerste voorsitter en medestigter, **Konrad Fleischhauer**. Ons sê opreg dankie vir sy visie sedert 2019 en die stewige fondament wat hy gelê het om sy droom vir oud-Parkies te verwesenlik.

Terselfdertyd verwelkom ons **Nicolaas Kruger** as die nuwe voorsitter. Met sy ryk ervaring as voormalige BL-voorsitter en sy huidige betrokkenheid by verskeie rade, is hy die ideale leier om ons die toekoms in te neem.

Ons verwelkom ook twee nuwe direkteure tot die hoofbestuur.

- **Johann Grosskopf**
- **Claude Jarrard**

Met hierdie sterk leierskap en ons nuwe Jeugkomitee, is die Menlobond gereed vir 'n opwindende nuwe hoofstuk. Ons nooi alle oud-Parkies en Vriende van Menlo uit om saam met ons aan hierdie suksesverhaal te skryf!

## DIE SPAN



**Nicolaas Kruger**
Voorsitter



**Louis Cloete**
Ondervoorsitter



**Gisela Rolfes**
Skakelbeampte



**Johann Grosskopf**
Regsadviseur



**Claude Jarrard**
Finansies

## MENLOBOND JEUGKOMITEE SIEN DIE LIG

Ons is opgewonde om die nuwe Jeugkomitee bekend te stel! Hierdie span fokus spesifiek op ons jonger oud-Parkies deur netwerke te bou, kommunikasie via sosiale media te verskerp, en relevante sport- en sosiale geleenthede te skep.

Die span is:

- Voorsitter: **Josua van Helsdingen** (2018)
- Ondervoorsitters: **Louis Cloete** & **Gisela Rolfes** (1991)
- Sosiale Media & Seunsport: **Jan-Harm van Helsdingen** (2019)
- Alumni-netwerke, Dogtersport & Projekte: **Gerda Richards** (2016)
- Kultuur & Projekte: **Henro Heyneke** (2020)

Raak betrokke en bou saam met ons! Navrae: 078 727 4647 | alumni@menlobond.co.za

# OUD-PARKIES 2025 PRESTEER PUIK

Ons is ongelooflik trots op ons jongste oud-Parkies van 2025 wat met skitterende matriekuitslae gespog het! Baie geluk aan elkeen van julle; ons hou julle toekomsplanne met groot verwagting dop en wens julle slegs die beste toe.








# 2026 SKOP AF

Die nuwe skooljaar is in volle swang en die Menlobond wens elke Parkie 'n jaar van vreugde en akademiese sukses toe. Dit was 'n besondere voorreg om ons 2025-hoofleiers — Isabeau van Helsdingen, Jesse Pretorius, Ininke Human en Ryan Hill — terug te verwelkom om die pragtige spekboomtradisie voort te sit. Deur hul spekboomsteggies van verlede jaar vir die volgende generasie te kom oorplant, simboliseer hulle hoe ons die verlede bewaar, die hede koester en die toekoms verseker. Sterkte met julle studies!



## Reünies

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 20 Maart | 20-jaar | **2006** | Marli Katske | 079 491 9273 |
| 10 April | 60-jaar | **1966** | Naomi Olivier | 083 268 6269 |
| 17 April | 50-jaar | **1976** | Soon Pretorius | 083 263 1522 |
| 22 Mei | 10-jaar | **2016** | Malene Rohde | 079 036 0275 |
| 7 Augustus | 30-jaar | **1996** | EC Orsmond | 083 388 4842 |
| 21 Augustus | 40-jaar | **1986** | Corieta Pakendorf | 082 859 3225 |

**18 September** **GROEPREÜNIE** Ons nooi graag al ons 5-jaar groepe (1971, 1981, 1991, 2001, 2011, 2021), asook enige oud-Parkie wat graag die skool wil besoek, om hierdie oggend vir die amfi-opening by ons aan te sluit waarna ons 'n ligte verversing sal geniet. Hou *Die Vaandel* en sosiale media vir verdere inligting nader aan die tyd dop.

# INTERHUIS 2026







Wat 'n onvergeetlike aand! 'n Groot dankie aan elke oud-Parkie wat die Interhuis-gees kom deel het en ons nasionale spanne ondersteun het tydens die opwindende hokkiestryd tussen Suid-Afrika en Kanada. Die Wit-en-Blou roep vanjaar weer gereeld—maak seker jy is op ons **databasis** en hou ons sosiale media dop sodat jy geen nuus of geleentheid misloop nie!

# MENLO-GEES 2026



Verlede Donderdag het 'n tasbare gees van afwagting by die skool geheers toe die 2026-dirigente aangekondig is. Dit was 'n voorreg om ons 2025-hoofdirigente, Josh van der Merwe en Jana Fouché, terug te verwelkom om hul opvolgers geluk te wens. Baie geluk aan Juan Joubert en Nina Davel wat vanjaar as hoofdirigente die leisels oorneem. Juan het ook die besondere eer om die magtige 'Tiho' te lei. Dankie, Josh en Jana, dat julle hierdie kosbare Menlo-tradisie met soveel deernis voortsit.

## OUD-PARKIE DATABASIS

Ons versoek asseblief almal om op die oud-Parkie databasis te registreer en julle kontakbesonderhede vir ons op datum te bring.

Klik **hier**




## MENLO-WINGERDGALA 2026

Die skool skud die vere reg vir Dié Wingerdgala.

Teken solank die skool se unieke Menlo-wynveiling in die dagboek aan en maak gereed vir iets besonders.

Ons nooi al ons oud-Parkies en Vriende van Menlo hartlik uit om die skool te ondersteun!

**Kaartjies:** Binnekort beskikbaar
by die Kaartjiekantoor by www.menlopark.co.za

Navrae: danie.erasmus@menlopark.co.za




## OPROEP: VRYWILLIGE FINANSIËLE BEAMPTE

Die Menlobond is op soek na die kundigheid van 'n passievolle rekenmeester of boekhouer wat bereid sal wees om maandeliks sowat 'n uur van hul tyd aan die organisasie te skenk.

Terselfdertyd sê ons 'n groot en hartlike dankie aan oud-Parkie Michelle Serfontein (1995) vir haar onbaatsugtige diens en toewyding oor die afgelope paar jaar. Jy het 'n reuse verskil gemaak!

Kontak ons gerus by 078 727 4647 of stuur 'n e-pos na alumni@menlobond.co.za.

# ONS HET JOU NODIG!

Die Menlobond brei vinnig uit en ons het jou hulp nodig om ons visie te verwesenlik. Vrywilligerswerk is die ideale manier om weer by die skool betrokke te raak en bande met mede-Parkies te versterk.

Ons soek spesifiek hulp in die volgende areas:

- **Geleenthede & Gasvryheid:** Ondersteuning tydens funksies en sportdae.
- **Bemarking & Skakeling:** Hulp met sosiale media en die uitbrei van ons netwerk.
- **Administrasie:** Bystand by die kantoor met databasis-opdaterings en argiefwerk.
- **Projekte:** Betrokkenheid by fondsinsamelingsinisiatiewe.

Kontak ons **kantoor** vandag nog en help ons om 'n blywende impak te maak!

# OUD-PARKIE KOLLIG

**Oud-Parkies blink op alle terreine uit en ons deel graag julle stories. Het jy of 'n mede-Parkie iets interessants bereik? Stuur gerus julle nuuswaardige prestasies vir ons!**
**Vir die volledige berigte, volg ons op Facebook en Instagram. Ons hoor graag van julle!**



### ME. VALERIE PRETORIUS EN JANNIE DU TOIT (1969)

'n Besonderse herinnering: Me. Valerie Pretorius en Jannie du Toit (1969). Ons vier graag saam met me. Pretorius haar 90ste verjaarsdag wat sy op 20 Januarie gevier het. Hierdie merkwaardige oud-onderwyseres en voormalige skoolhoof van Helpmekaar Meisieskool, word deur vele onthou vir haar leierskap en statuur. Sy verskyn hier saam met oud-Parkie en musieklegende Jannie du Toit. Baie geluk, juffrou Pretorius, mag u 'n geseënde jaar beleef

### BERNARD VAN DER LINDE(2018)

Baie geluk aan Bernard met sy verkiesing tot die top divisie Europese ligaklub rugbyspan, Bath.



# DONASIES

**DIE FINANSIËLE JAAREINDE IS OM DIE DRAAI!**

Gryp die geleentheid aan om jou belastingvoordeel te maksimeer terwyl jy in uitnemendheid belê. Vir elke skenking reik ons 'n **Artikel 18A-belastingkwitansie** uit, wat jou bydrae aftrekbaar maak. Jou vrygewigheid is 'n direkte belegging in die drome en toekoms van elke Parkie.

Kontak Gisela Rolfes by 078 828 4647 of menlofonds@menlobond.co.za.